**D**it is nie maklik om vandag tussen die verskillende tipes polisse en die meer as 130 effektrusts wat in Suid-Afrika beskikbaar is, te kies nie. Met die verslapping van valutabeheer, het Suid-Afrikers nou ook toegang tot die sowat 34 000 verskillende effektrusts in die buiteland.

“Die verhouding van die premie-inkomste van lewensversekering tot bruto nasionale produksie in Suid-Afrika is tans die hoogste in die wêreld, aldus *Sigma*, ‘n publikasie van Swiss Re. ‘n Faktor wat grootliks hiertoe bydra, is die feit dat die leeu-aandeel van die lewensversekering langtermynbesparing is,” sê prof George Marx, Hoof: Departement Versekerings- en Aktuariële Wetenskap.

Effektrusts daarenteen, het oor die laaste paar jaar getoon dat dit ‘n baie gewilde produk en in baie gevalle ‘n kompeterende alternatief vir belegging in lewenspolisse is.

Prof Marx en prof Hugo Lambrechts van die Universiteit se Nagraadse Bestuurskool het vanjaar vir Sanlam bygestaan in die ontwikkeling van ‘n rekenaarprogram wat kliënte se behoeftes en risikoprofiële by ‘n mengsel van effektrust- en polisbeleggings inpas. Hierdie ontwikkeling is van groot waarde om die publiek by te staan om die regte keuse ten opsigte van beleggings te maak.

Prof Marx wys daarop dat die publiek vier beginsels in hulle beleggingsbesluitneming kan toepas. Eerstens is daar die oorweging van die verwagte nabelaste opbrengskoers van die belegging na belasting. Tweedens moet die sekuriteit van die belegging oorweeg word. Prof Marx is van mening dat sekuriteit in verspreiding lê, en nie in waarborg op papier nie. Hoe hoër die verwagte opbrengs, hoe hoër uiteraard is die risiko. Derdens moet die gemak waarmee beleggings gekanselleer of verander kan word, sonder om wesenlike kostes of boetes te betaal, in ag geneem word. Dit is hier waar tradisionele lewenspolisse nadele inhou, terwyl effektrusts die nodige beweeglikheid bied. Laastens moet die belegger die nodige kundigheid hê om die belegging voortdurend te bestuur. So is direkte belegging in aandele, byvoorbeeld, ‘n saak wat net deur kundiges wat elke dag daarmee werk, gedoen behoort te word.

Effektrusts is ‘n beleggingsmedium wat vir Jan Publiek ten opsigte van al vier bogenoemde beginsels positief is. Die dilemma is egter om die regte effektrust of mengsel van effektrusts en lewenspolisse te kies.

“Dienste, soos dié wat deur Sanlam Persoonlike Portefeuljes met behulp van die genoemde rekenaarprogram aangebied word, is ‘n welkome en noodsaaklike ontwikkeling (ander maatskappye bied soortgelyke dienste aan). Daar kan verwag word dat daar in die toekoms nog meer produkte en dienste ontwikkel sal word wat op ‘n deursigtige wyse gemik is op die unieke bevrediging van die individuele spesifieke behoeftes,” sê prof Marx.



**Prof George Marx, Hoof:  
Departement Versekerings- en  
Aktuariële Wetenskap**



Prof Niek Schoeman,  
Direkteur van BEPA

Die kundigheidsbasis en infrastruktuur waarvoor BEPA beskik, het groot markwaarde en BEPA ondervind tans 'n skerp toename in die aantal versoeke van plaaslike en internasionale instansies om navorsing vir hulle te doen of om as navorsingsgenoot op te tree.

# BEPA is

Internasionale samewerking op die gebied van navorsing is in 'n groot mate reeds 'n werklikheid by die Universiteit van Pretoria. Die Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise (BEPA), die navorsingsarm van die Departement Ekonomie, lewer tans 'n belangrike bydrae tot navorsing en werk ten nouste saam met van die voorste ekonome in die wêreld.

Die kundigheidsbasis en infrastruktuur waarvoor BEPA beskik, het groot markwaarde en BEPA ondervind tans 'n skerp toename in die aantal versoeke van plaaslike en internasionale instansies om navorsing vir hulle te doen of om as navorsingsgenoot op te tree.

Die fokus van BEPA se navorsing is die rol van die owerheid binne die ekonomiese stelsel, sowel as spannavorsing op die gebied van ekonomiese analise. 'n Belangrike projek waarmee BEPA tans in hierdie verband besig is, is 'n studie oor die verbetering van die arbeidsabsorpsievermoë van die Suid-Afrikaanse ekonomie - tans 'n kritiese probleem in hierdie land.

BEPA se aktiwiteite het oor die afgelope aantal jare 'n verskeidenheid publikasies die lig laat sien. Dit is die uitvloeisel van toenemende spesialisering en spannavorsing. Vanweë hierdie vakkundige verdieping kan navorsers van BEPA nou op 'n aantal terreine saam met internasionale spesialiste publiseer.

"Die grootste bate waarvoor hierdie instelling tans beskik, is die hoë kundigheidsvlak van sy personeel," sê prof Niek Schoeman, Direkteur van BEPA. "Daarbenewens het ons ook goeie skakeling met 'n hele aantal plaaslike en internasionale navorsingsinstansies. Die wêreld word vandag meer toeganklik vir skakeling met ander akademici en relevante persone en instellings. Indien nodig, word gesamentlike projekte deur hierdie instansies geloods deur kundigheid en finansiële bronne te verpoel.

"BEPA se aktiwiteite is hoofsaaklik op plaaslike sowel as internasionale fundamentele navorsing, publikasies en voordragte toegespits," sê hy.

## Hoogtepunte

"Hoogtepunte gedurende die afgelope paar jaar sluit in die internasionale konferensies waarvoor BEPA en die Departement Ekonomie as gasheer opgetree het, asook die werkwinkels vir ekonometriënavorsing wat jaarliks gedurende Julie onder leiding van wêreldleiers op hierdie terrein aangebied word. Dié werkwinkels word spesifiek vir navorsers in Afrika, wat op die terrein van die ekonometrie spesialiseer, aangebied."

# 'n leidende rolspeler in ekonomiese navorsing

Die sukses van die transformasieproses wat tans in die land plaasvind, hang in 'n groot mate af van die kwaliteit van vakkundige advies wat van 'n relatief klein groepie vakspecialiste in die land ontvang word. "BEPA is 'n dinamiese navorsingsorganisasie met 'n trotse tradisie van navorsing en navorsers wat reeds 'n

groot impak op die ekonomie van die land gehad het en in die toekoms nog sal hê. BEPA stel homself ten doel om hierdie funksie verder uit te brei en om 'n instelling te word wat onder die voorstes, nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in die wêreld, gereken sal word," sê prof Schoeman.

**Die navorsingsvelde waarin BEPA tans spesialiseer, sluit onder meer die volgende aspekte in: 'n ekonometriese vooruitskattingsmodel, internasionale handelsbeleid, ontwikkelingsbeleid, fiskale beleid, monetêre beleid en arbeidsbeleid.**

## **Ekonometriese vooruitskattingsmodel**

BEPA spog reeds sedert 1987 met 'n makro-ekonometriese model van die Suid-Afrikaanse ekonomie waarmee vooruitskattings van die makroveranderlikes gedoen word. Die resultate van die model word as insette by verskeie nasionale en internasionale navorsingsprojekte gebruik.

Gespesialiseerde navorsing waarin die jongste ekonometriese tegnieke deur BEPA se ekonometrici gebruik word, word gereeld gedoen om die struktuur van die model op te gradeer.

## **Internasionale handelsbeleid**

Die wêreldwye tendens om handel tussen lande oop te stel ten einde ekonomiese groei te versnel, noodsaak BEPA om heelwat navorsing oor internasionale handelsbeleid te doen. Daarbenewens is die verbintenis met die internasionale *Project Link* (*Linkage of International Economic Forecasting Models*) van besondere belang, aangesien BEPA se navorsingsresultate op hierdie manier oor die wêreld weerklank vind. *Project Link* is 'n projek van die Verenigde Nasies waarvolgens 'n model vir internasionale handel in stand gehou word en waarvoor BEPA die Suid-Afrikaanse insette voorsien.

## **Ontwikkelingsbeleid**

BEPA het reeds 'n hele aantal publikasies oor ontwikkelingsbeleid die lig laat sien. Een daarvan was die publikasie oor die noodsaaklikheid en implementering van omgewingsrekeningkunde in

die stelsel van nasionale rekeninge, wat in 1996 verskyn het. Die aankondiging van die owerheid se makro-ekonomiese groeistrategie (GEAR) en die kritiese evaluering daarvan, het ook as stimulus vir verdere navorsing in hierdie verband gedien.

## **Fiskale beleid**

Uit die moderne literatuur is dit duidelik dat die afskaling van die staat se rol in die ekonomie 'n noodsaaklike voorvereiste vir ekonomiese groei en ontwikkeling in 'n land is. Dit is dus belangrik dat fiskale beleid deeglik gemonitor word om veral oormatige beslaglegging van 'n land se skaars bronne deur die staat te voorkom. BEPA moniteer in hierdie verband die Suid-Afrikaanse regering se staatsuitgawes en -inkomste en sy handhawing van fiskale dissipline.

## **Monetêre beleid**

Die instandhouding van die Departement Ekonomie se ekonometriese model vereis dat monetêre teorie en beleid voortdurend nagevors word. BEPA het heelwat medewerkers wat op hierdie gebied spesialiseer.

## **Arbeidsbeleid**

Die snelveranderende arbeidsomgewing, gekenmerk deur nuwe arbeidswetgewing, het tot gevolg gehad dat heelwat navorsing oor arbeidsbeleid in die afgelope jaar gedoen is. Verskeie voordragte en publikasies het reeds hieruit voortgevloei.

# New taught

Two new PhD degrees were introduced in the Faculty of Economic and Management Sciences, largely to open up opportunities for advanced studies to students from the non-commercial sciences.

The need for high level training in the economic and management sciences is increasing and present avenues of study in this field offer insufficient growth opportunities. To provide for this need, the University of Pretoria has just become the first South African university to offer taught PhD degrees in the economic and management sciences. These degrees were introduced largely to open up opportunities for advanced studies to students from the non-commercial sciences.

Often members of the natural sciences and engineering fields are interested in, or have a need for, advanced training in the field of economics or management. This will now be possible with the PhD degrees to be offered by the Graduate School of Management and the School of Public Management and Administration.

The Department of Economics also plans to offer a PhD in 1999. Students enrolled for a master's degree in this Department will be given credit for the subjects they have completed when they enrol for a PhD.

The nature of the degrees, as well as the way in which they will be presented, will allow entrants from any field of study, provided that the applicant has obtained a master's degree or equivalent thereof. The head of the department concerned may, however, set additional admission requirements.

These degrees also open up opportunities for inter-disciplinary studies even across faculty borders, which will contribute to broadening the students' knowledge and skills.

The introduction of the PhD degrees brings the University in line with international tendencies, as similar degrees are offered in almost all overseas countries. This may also lead to greater interest among overseas students to further their studies in economic and management sciences at the University of Pretoria.

The curricula and syllabi for the various degrees will be based on the relevant areas of advanced studies in each department. A basic requirement would be an in-depth study in a field as well as two supporting fields within the department.

# ht doctorates

## *a first in South Africa*

### PhD in Management Sciences

The Graduate School of Management is one of the departments that will offer a PhD degree in Management Sciences for the first time in 1998. The doctorate, with Organisational Behaviour as its major subject, will be the first of its kind in the country and its standard will compare favourably with similar degrees offered abroad. Prof Adré Boshoff, who teaches at the Graduate School of Management, is closely involved in the development of the programme. He investigated similar courses at leading international universities in order to determine how the degree should be structured.

Prominent overseas management experts have indicated their willingness to teach as part of this programme. Lecturers of the Graduate School of Management presenting the degree include: Prof Boshoff, himself an internationally recognized scholar; Prof Ronel Erwee, who has just returned from Australia after teaching and completing research at the University of Southern Queensland; and Ms Crystal Hoole, who recently completed her doctoral degree on the work commitment of South African employees.

"The main goal of this degree is to educate business leaders as authorities in the various fields of study," said Prof Boshoff. "This degree will, by implication, also be suitable for people interested in an academic career. Careful student selection will be used to obtain the right student mix on the course."

As a direct result of the definite need in the country for practical tuition, it was decided to present the course in such a way that it will not only have a broad theoretical basis, but will also be relevant for management

practice. Subjects such as Entrepreneurship and International Management will be presented to support the study of Organisational Behaviour," explained Prof Boshoff.

The only prerequisite for the degree is a management-orientated master's degree. Students can enrol for either full or part-time study and are expected to attend two to three day meetings at the University of Pretoria four times a year. Tuition for the part-time course will be held over a three year period and students will be able to complete their theses afterwards over one or two years.

For the full-time course, tuition will take place over a period of 18 months, after which the students' research will start. Part of the course will be presented using the telematic learning method.

### PhD at SPMA

The School of Public Management and Administration (SPMA) will also offer a PhD degree for the first time in 1998. This degree has benefitted extensively from international comments. "The PhD will prepare students for today's challenges and those of the new millennium. The public sector and related fields are confronted by challenges that compel students of today to acquire advanced knowledge, skills and research techniques relevant to a rapidly changing and developing public sector," said Prof Sibusiso Vil-Nkomo, Director: School of Public Management and Administration.

"Furthermore, international collaboration in teaching and research will enhance the quality of our PhD



Students who complete this PhD programme will be able to make a significant contribution in domestic and international affairs.

degree and numerous well-renowned institutions have agreed to work with us.”

In this programme, students will develop excellent conceptual and analytical skills, applying qualitative and quantitative approaches. These techniques will be combined with the use of modern technology to promote advanced analysis and interpretation of data, as well as the development of relevant policy scenarios.

The PhD will be a course work programme comprising core courses and electives. The combination of the two will help students to identify and select a field of concentration, thus leading to a topic of specialisation for in-depth study. A student will develop a specialisation in a field with the option of a related concentration in a second field, for example, a major in public sector economics with a secondary concentration in fiscal intergovernmental relations.

The SPMA places emphasis on innovative research on themes, topics, programmes and trends in public affairs in a democratic and changing South Africa.

Teaching methods will include in-class lectures, tele-teaching and tele-conferencing and students will be required to engage in research, analysis and application. They will also be encouraged to participate in professional conferences, seminars and colloquiums.

Compulsory courses will include Co-operative Governance and Intergovernmental Relations, Public Sector Economics/Micro and Macro Economics, Theories and Practices of Public Administration and Management, Public Human Resources and Management, and Financial Management and the Public Sector.

Successful completion of the comprehensive examination on taught subjects will allow the candidate to proceed to a qualifying examination in the form of practical and analytical assignments and papers, in which the student can develop a policy proposal on a particular matter. After passing the practical examination, a student should submit a proposal for a research project for the thesis.

“Students who complete this PhD programme will be able to make a significant contribution in domestic and international affairs. The latter is critical if South Africa is to be relevant in the new millennium, as global competitiveness is now based on the quality of human resources and innovation which nations can contribute to the world. We seek to produce graduates who will have a better understanding of the public problems that confront our country and the world,” said Prof Vil-Nkomo.





# Investment opportunities in Maputo Development Corridor



Messrs Alex Antonites and Tienie Ehlers investigated the investment opportunities in the Maputo Development Corridor

The governments of South Africa and Mozambique should do more to convince investors of the investment opportunities in the Maputo Development Corridor. The private sector, both locally and abroad, is less excited about the multi-billion rand project than the two governments.

This is one of the findings by University of Pretoria business management lecturers Messrs Tienie Ehlers and Alex Antonites, following research into the investment potential of the planned corridor.

The purpose of their study was to identify and investigate potential obstacles and opportunities for local and international investors in the Maputo-Mpumalanga Development Corridor (MDC). This Corridor could be considered an important business nucleus in the eastern region of Southern Africa. The study therefore attempted to measure the perception of potential investors of this Corridor's ability to attract investment, with particular reference to the process of regional economic integration. The sectors with the greatest potential investment opportunities for international investors are tourism, transport and trade. The two lecturers identified chemical products as providing the weakest opportunity for investment.

Enormous obstacles also exist, such as the gap between law enforcement in general and general investment law. According to Messrs Ehlers and Antonites, there is also a lack of motivation in the private sector to attract and facilitate investment. The most important obstacles identified by respondents were security concerns, bureaucracy and labour problems and productivity concerns. International investors are also concerned about interest rates.

The study was very concentrated, with fieldwork carried out over a period of two months. Interested and affected individuals and organisations were approached, nationally and internationally, rather than spot-checks being done at random. Possible investors had already been identified by both governments. Specific private and international investors were therefore approached, with role players in Maputo, Mpumalanga and Gauteng being visited in person.

Despite repeated attempts by Messrs Ehlers and Antonites, no feedback on questionnaires could be obtained from the private sector in Mozambique - mainly as a result of language and other communication problems. This sector appears highly unmotivated and doesn't see any advantages in the process. After investigation, the lecturers came to the conclusion that a lack of feedback would, in any event, not have a significant influence on the results, since a private sector that could possibly invest in the Corridor does not really exist in Mozambique.

From the contemporary research, it is quite clear that opportunities for investment in South Africa and Mozambique do indeed exist. Messrs Ehlers and Antonites maintain that this study should be regarded merely as an introduction to further research.

# Departmen

"This Department is proud of what it has achieved over the past ten years. We can rightfully take our place in the ranks of the best departments of this kind in the world."

In celebration of its tenth anniversary, the Department of Informatics pulled out all the stops to make 1997 a year to remember. Many activities were organised to coincide with the celebrations. One of the events, a glittering dinner, afforded staff, alumni and friends the opportunity to get together and look back on the Department's highlights of the past ten years.

The Department has an interesting history. The Department of Commercial Computer Science was founded in 1986, following the informal offering of lectures in Commercial Computer Science by the Department of Accounting and Auditing and the Department of Computer Science, for a number of years. The then Principal of the University, Prof JM Joubert, referred to the Department for the first time in the University's 1987 Annual Report.

It was not possible to immediately appoint a head for the Department, and Prof G Wiechers was appointed in October 1986 on a part-time basis. The first personnel started office on 1 January 1987 and Prof Roode was appointed as the first Head of Department on 1 August 1988 - a position he has filled ever since.

The name of the Department was changed to Informatics on 1 January 1989. This name probably found its origin in the Netherlands and is attributed to Verrijn-Stuart to Zoutendijk, a professor at the State University at Leiden at the time. The name is a combination of the words *informatie* and *matemática*. "Zoutendijk probably tried to indicate a field of study closer to the present-day Computer Science, rather than what is currently meant by Informatics at the University of Pretoria," said Prof Roode.

The name change, from Commercial Computer Science to Informatics, compelled the Department to reconsider the field of study and to identify issues that needed to be addressed. Informatics is a dynamic field that can hardly be defined. It can be seen as an inter-disciplinary field in which information, information systems and the integration thereof with the organisation are studied in order to improve the effectiveness of the total system.

"The central issue that Informatics addresses is how to reconcile the contribution of the development, implementation and management of information systems and information technology in attaining the mission of the organisation on the one hand, with the responsibility of ensuring the social acceptability of these systems on the other," explained Prof Roode.

## Marketing campaign

In 1991, the Department, together with final year students from the Department of Graphic Art, designed a logo, so as to create an identity for the Department. The two core elements of the logo - the computer and the figure - nicely illustrate what Informatics entails.



# t of Informatics

## *chalks up a decade*

The marketing campaign clearly explained that the first priority of the course is to train students to use the computer as a useful and effective medium for the effective management of information. The accent on this element highlights the important difference between Computer Science and Informatics. While Computer Science focuses more on the machine, that is the hardware and software, Informatics is focused on the person using the computer.

### Developments in the field

The Department stays at the forefront of developments in the field of informatics - and the highlights of the past ten years bear attest to this. They include the following:

In 1990, the Department formalised its under-graduate curriculum and introduced unique approaches to teaching in the area of information systems.

In 1992, the graduate programme of the Department started and the first master's and doctoral students completed their studies. To date, twelve students have completed a doctoral programme in Informatics.

Since 1992, the Department has been receiving annual visits from foreign experts who participate for up to three months in the postgraduate and research programmes of the Department.

In 1993, the Department completed an investigation for the Human Sciences Research Council on the training of computer specialists.

In 1994, an investigation was completed for the Industrial Development Corporation on technology-supported education and training in South Africa. The Department also started an Advanced Certificate Programme in Information Systems Management, in which participants complete eight modules over a one year period. Approximately 160 people have, since its inception, obtained this Certificate.

In 1995, the Department started to review its under-graduate programmes. The investigation continued until 1996 and the newly developed courses have been offered since 1997.

In 1996, the Department started with a very successful community development project, UniSchool, which offers computer literacy training. They also started a research programme, together with the Departments of Didactics and Electrical and Electronic Engineering, for the SEIDET community service project at Siyabuswa. The use of computer-supported co-operative learning is investigated in this project, supported financially by the Foundation for Research and Development. The Department also underwent external evaluation of its graduate and post-graduate programmes. Both evaluations were done by overseas experts on special assignment.

In 1997, the Department reviewed its post-graduate courses to bring them more in line with market needs. The new honours, master's and doctoral courses will be phased in from 1998.

"This Department is proud of what it has achieved over the past ten years. We can rightfully take our place in the ranks of the best departments of this kind in the world. I trust that we will, as in the past, go from strength to strength over the next ten years," said Prof Roode.



**Prof Dewald Roode (middle, back) with his team at the Department of Informatics**

# onder

“Die ideale teelaarde vir ondernemendheid is 'n atmosfeer van vrye denke, kritiek, meningsverskille, waagmoed en lae gesagsvlakke.”

**N**avorsers by die Nagraadse Bestuurskool het gedurende 1997 een van die mees omvattende navorsingstudies tot nog toe oor die individu se betrokkenheid by sy werk aangepak.

Prof Adré Boshoff, internasionaal erkende akademikus en dosent by die Nagraadse Bestuurskool, en me Crystal Hoole, wat onlangs haar doktorsgraad oor werkbetrokkenheid voltooi het, se internasionale studie fokus op die werkbetrokkenheid van individue in Suid-Afrikaanse ondernemings en hoe werkbetrokkenheid tussen lande verskil. Die navorsing het te gelyker tyd in Suid-Afrika en Nieu-Seeland plaasgevind, met die oog daarop om die resultate van die studies in die twee lande te vergelyk, en dit mettertyd ook in ander lande van toepassing te maak.

Die eerste fase van die Suid-Afrikaanse navorsing is teen Oktober 1997 afgehandel, terwyl die Nieu-Seelandse projekteleiers, 'n oud-Suid-Afrikaner, dr Hillary Bennet, en me Ruth Jillings, beide verbonde aan die Massey Universiteit, binnekort hul resultate bekend sal maak.

Die eerste fase het die kruisvalidering (toetsing vir toepaslikheid in verskillende kulture) van die meetinstrumente in die Suid-Afrikaanse konteks ingesluit. Tweedens is bepaal of die instrumente werklik dié fasette meet waarvoor hul geïdentifiseer is en in watter mate Suid-Afrika se resultate met dié in ander lande ooreenstem.

Twee steekproewe van sowat 1 000 mense - verteenwoordigend van sowat 50 organisasies en groepe waaronder die konstruksiebedryf, ingenieurs- en MBA studente, asook 1 500 persone van 'n groot finansiële en 'n tersiële instansie - het meegewerk om die studie een van die omvattendstes nóg in hierdie vakgebied te maak.

As vertrekpunt vir hul navorsing wou prof Boshoff en me Hoole vasstel of die individu se betrokkenheid by sy werk gedurende 'n transformasieproses in 'n organisasie groter of kleiner word. Aspekte soos rolkonflik en rolverwarring by die individu, sowel as die individu se intensie om te bedank, is ondersoek. Alhoewel hierdie aspekte reeds hewige debat in die literatuur ontlok het, en dit in die werkwêreld groot kommer wek, is dit nog nooit op so 'n groot skaal ondersoek nie.

Werkbetrokkenheid kan in terme van vier fasette omskryf word, naamlik:

- die waarde wat 'n individu aan sy/haar werk heg;
- die betrokkenheid van die individu by sy/haar spesifieke pos;
- die individu se loopbaan-/beroepsbetrokkenheid; en
- die individu se betrokkenheid by sy/haar organisasie.

# Die individu se werkbetrokkenheid die soeklig

Prof Boshoff en me Hoole wys op die gapings in die navorsing wat reeds oor hierdie fasette gedoen is, veral wat betref die verwantskap tussen, en meting van bogenoemde fasette. Bestaande meetinstrumente is ook nie behoorlik gekruisvalideer nie.

Die resultaat van die studie het daarop gedui dat die betrokkenheid van die individu by sy organisasie, sy loopbaan, sy spesifieke pos en sy werkwaardes faktore is wat 'n rol by algemene werkbetrokkenheid speel. 'n Model wat die verwantskap tussen die faktore aandui is ook ontwikkel. Dit skyn belowende moontlikhede vir praktiese gebruik in organisasies te hê.

## Internasionale samewerking

Sodra die Nieu-Seelandse data beskikbaar is, sal hervalidering van die meetinstrumente ook daar gedoen word. Hierdie belangrike voorbereidingswerk sal die fondasie van toekomstige navorsing vorm en sodoende die pad vir internasionale navorsing oopmaak. Ander lande, waaronder Bulgarye, België, Engeland en Australië, het reeds te kenne gegee dat hulle graag aan die studie wil meewerk, en prof Boshoff hoop om die VSA en die Stille Oseaan Randlande ook te betrek. Lande wat in 'n oorgangstydperk verkeer, word spesifiek vir deelname geteiken.

Die Nieu-Seelandse navorsers het die Universiteit in Junie 1997 besoek, waarna prof Boshoff en me Hoole in Julie na Nieu-Seeland vertrek het om 'n kongres oor die navorsing toe te spreek. Daarna het hulle die VSA besoek, vergesel

van die Nieu-Seelandse navorsers, om oor dieselfde onderwerp by die Internasionale Kongres oor Vooruitgang en Bestuur op te tree.

## Tuks Bestuurskool vorm kern

Die Nagraadse Bestuurskool sal reg deur die navorsing die kern van hierdie navorsingsprojek vorm. "Die resultate van die navorsing beskik oor die potensiaal om 'n permanente impak op die Suid-Afrikaanse samelewing te maak, aangesien die private sektor hul bestuursbeleid en -strategieë ter bevordering van individue se werkbetrokkenheid kan herformuleer om hul onderneming meer mededingend te maak," sê prof Boshoff.

Volgens me Hoole maak dit wat reeds in die werkbetrokkenheidsprojek gedoen is die deur vir talle ander navorsingsgeleenthede oop. So byvoorbeeld kan die werkbetrokkenheid van individue uit verskillende bevolkingsgroepe nou in betekenisvolle navorsing vergelyk word. Laasgenoemde is veral in die Suid-Afrikaanse konteks van belang. 'n

Groter verskeidenheid van veranderlikes wat moontlik 'n invloed op werkbetrokkenheid kan hê, behoort ook verder ondersoek te word.

Persone wat sou belangstel om in hierdie uitdagende projek saam te werk - ook persone uit ander dissiplines - word uitgenooi om met prof Adré Boshoff en me Crystal Hoole, tel (012) 420-3345, in verbinding te tree.



Me Crystal Hoole en prof Adré Boshoff

# EcoWorld Conference

a first for SA

The Department of Tourism Management, together with the Centre for Wildlife Management at the University of Pretoria, hosted the second International EcoWorld Conference on Wildlife and Nature-based Tourism at Gallagher Estate, Midrand, during 1997.

The event marked the first investment conference of its kind to be staged in Africa and coincided with the Africa Travel Market at the same venue.

The Conference assessed the trends, outlooks, policy frameworks, investment incentives and funding sources for both small and large investors and developers in game ranching and lodges, wildlife, hunting, resorts and tourism services in Africa's key growth areas.

The Conference also explored community involvement in tourism development, as well as the challenge of ensuring that Africa's unique character and cultural identity are maintained and further enhanced in future tourism development.

Much interest was provoked from key international investors, and speakers included Mr Geoffrey

Lipman, Chief Executive of the World Travel and Tourism Council, Mr Bertrand de Clers, Director of the International Game Foundation and Dr Dawie de Villiers, Deputy Secretary General of the World Tourism Organisation.

Within the overall focus of the Conference, the following four key themes received attention: a global and African tourism vision into the next millennium; development and investment opportunities in Africa; investment climate and financing of tourism projects; and case studies of how entrepreneurs have capitalised on nature-based and wildlife potential in Africa, having created successful commercial enterprises which are environmentally sensitive and community based. Case studies included the Transfrontier Conservation Areas between South Africa and Mozambique, the Shamwari Game Reserve in the Eastern Cape, Wilderness Safaris, Conservation Corporation and Nzalama Wildlife.

"EcoWorld '97 highlighted the potential of appropriate tourism to be one of Africa's most unique and appealing investments," said Prof Ernie Heath, Head of the Department of Tourism Management, and one of the conference speakers. "Africa could become one of the modern world's most sought-after destinations, as it offers high-return investment for those who have learned how to harness its resources."

**"EcoWorld '97 highlighted the potential of appropriate tourism to be one of Africa's most unique and appealing investments."**

# Pilots experience a number of stressors


It is extremely important that pilots employed in the airline industry should perform optimally at all times. Factors hampering and endangering their optimal work performance should be identified in time and programmes devised to minimise or remove the negative impact of these factors.

A leading South African national commercial airline company realised this and approached the Department of Human Resource Management in 1995 to do a study to identify the potential stressors in the working environment of pilots in their employ. This was the first study of its kind to be undertaken within the company, and was, in part, prompted by the company's need to address problematic aspects of its pilots' working environment. The study formed part of a larger programme aimed at improving the quality of its employees' performance and curbing the high turnover of pilots, due to increased competition for existing manpower among national and international airlines.

"To achieve the objectives of this study, we had to use a quantitative, as well as a qualitative, research procedure," said Prof Hein Brand of the Department of Human Resources Management.

"The data analysis indicated that the pilots of the airline company in question experienced certain stressors to such an extent that serious attention by the company was justified. Stressful areas identified included disruption of the pilots' home circumstances, extensive periods away from home, measure of anxiety and strain during grading, and the responsibility and accountability attached to the job," said Prof Brand.

Prof Brand presented his findings at the 9<sup>th</sup> International Symposium on Aviation Psychology in Columbus, Ohio (USA) during 1997. The University of Pretoria was the only university in Africa to make a presentation at the Symposium.



**Prof Hein Brand of the Department of Human Resources Management**

# A South



**"A**ustralian universities have progressed further along the information superhighway than South African universities have," said Prof Ronel Erwee, describing her one year sabbatical at the University of Southern Queensland (USQ) in Australia in 1997.

Prof Erwee was warmly received as visiting professor on the USQ campus in January 1997 and was promptly introduced to information technology which is not new to South Africa, but which is not being used as often here.

She was impressed by the variety of Internet training available to staff and students, the high frequency of e-mail use as a communication medium and the progress on preparing study material for Internet delivery on the USQ campus. But in a community where pre-schoolers at a farm school learn to speak Japanese, this information "connectedness" is to be expected.

Services to the 9 000 distance education students in, amongst others, Singapore, include telephone tutorials, residential schools and the USQ Connect system (an example of computer mediated communication systems in the University).

On campus, students have access to Internet and CD-ROM resources through the library, weekly group tutorials, as well as lectures.

"The Faculty of Business at USQ started to build their own 'learning centre' in 1997 and it is interesting to see the similarities with the planning of the University of Pretoria's new Graduate Centre," said Prof Erwee.

"The USQ faculty has obtained offices in Brisbane to be closer to the corporate market. However, they do not offer the same range of executive development programmes as the University of Pretoria's Graduate School of Management," she pointed out.

## Research and teaching

Prof Erwee lectured in International Comparisons of Human Resource Management in the Asia Pacific region. "The pressure to do research and to publish is fierce," she said. Research colloquiums, where lecturers and PhD students presented their research to colleagues for comment, were held every two weeks.

She also presented workshops on International Management to DBA students and on Managing Diversity to MBA students at the Royal Melbourne Institute



**Prof Ronel Erwee**



# African blossoms

## *in Australia*

of Technology (RMIT). Diversity management in South Africa and Australia was also the subject of her research in Australia. On her return to South Africa, she was instrumental in establishing The Diversity Connection, a network consisting of specialists in the diversity management field.

Prof Erwee has had papers accepted for the Pan Pacific Conference in Kuala Lumpur, the Industrial and Organisational Psychology Conference in Melbourne and the Decision Sciences Institute in Sydney and has won a Best Presentation Award at the SEEANZ Conference. She had to decline invitations to present papers in Taiwan SEEANC due to financial and time constraints. Manuscripts submitted for review in journals have also elicited positive comment, while her work with Mr Jacques Strydom, a South African MBA student, will be replicated in Australian companies.

### Skills training

The technological and specialist support which lecturers receive at USQ is impressive. For example, lecturers who need a specific skill, such as applying for the myriad of funding grants at university, regional and federal levels, are trained in Research Grant Writing Skills Workshops. A feminist pedagogy seminar tapped into the interest in addressing gender in the curriculum, while editors and reviewers discussed their guidelines for publication at the Publish or Perish Workshop. The latter included an interactive writing skills session.

### Involvement in committees

Prof Erwee's knowledge has been used in various sections of the University: she served on the Faculty's Higher Degrees and Research Committee, in various research planning and teaching innovations groups, as well as the Women's Network. She also participated in departmental and faculty administration initiatives.

"Australian female academics constantly upgrade their teaching and research skills, not only to improve their career prospects in a highly competitive market, but also to benchmark against quality standards in the academic sector," said Prof Erwee.

She was elected to chair the Academic Subcommittee of the Women's Network on her arrival as associate professor at the USQ.

The Subcommittee's unusually high level of activity was considered atypical compared to less active committees. Three workshops, submissions to the West Committee on Higher Education and participation in the regional Women in Leadership Conference formed part of their busy agenda.

An interactive course in Developing Global Management Competencies during the Women in Leadership Conference proved so successful that Prof Erwee repeated it at an Australian Human Resources Institute meeting.

Her presentation at the Business and Professional Women's Brisbane Chapter on Is your net working? provided practical guidelines on the expansion of business networks.

Prof Erwee also gathered the most senior women, faculty and general staff members to brainstorm on how they can act as role models in the community.

She describes her experience as educational and stimulating and came back with interesting ideas, especially with regard to telematic teaching being implemented at UP at present.

With the new expertise she gained abroad, she will once again make a significant contribution to every aspect of tertiary education on her home ground at the Graduate School of Management.

# Tydskrif word vlagskip vir navorsing

**D**ie Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (SATEB), die Fakulteit se vlagskip vir navorsing, bied nou heelwat nuwe publikasiemoontlikhede aan belangstellendes.

SATEB publiseer teoretiese en empiriese artikels in die dissiplines: Bemerkings- en Kommunikasiebestuur, Ekonomie, Handels- en Arbeidsreg, Informatika, Menslike Hulpbronbestuur en Organisasiegedrag, Ondernemingsbestuur, Finansiële Bestuur, Publieke Administrasie, Staatsleer, Statistiek en Aktuariële Wetenskap.

'n Blik op enige SATEB-uitgawe bring die leser onder die indruk van die kwaliteit en wetenskaplikheid wat die joernaal handhaaf. Verskeie internasionale referente en outeurs dra ook by tot die gehalte van die artikels wat geplaas word. Dienslewering aan outeurs van artikels geniet hoë prioriteit en daar word beplan om die wagtyd vir aanvaarde artikels om gepubliseer te word in 1998 tot 'n maksimum van nege maande te verkort.

Hierdie geakkrediteerde tydskrif bied aan veral dosente heelwat publikasiemoontlikhede in ekonomiese en bestuursvakke. Die redaksie van die tydskrif werk nou met die Fakulteit se navorsingskomitee en departementshoofde saam met die oog daarop om navorsingsuitsette te verhoog. Hulle beoog ook om met die daarstelling van 'n referentebasis netwerke met instellings in die private sektor te vestig, deurlopende kontak met ander universiteite en teknikons te handhaaf en om subskripsiegetalle te verhoog.

Persone wat belangstel om bydraes tot SATEB te lewer, kan met me Sonja Laing, tel (012) 420-3458, of proff Adré Boshoff, tel (012) 420-3345, of Mihkel Truu, tel (012) 420-3470, die hoofredakteure, in verbinding tree.



**Die redaksie van SATEB is: (Voor) Me Crystal Hoole, mev Sansia Brink, (agter) mev Retha Groenewald, prof Adré Boshoff, prof Mihkel Truu, mnr Dirk Scholtz en mev Sonja Laing**

# New heads of department

welcomed in Faculty

**P**rof Jan H van Heerden is the new Head of the Department of Economics. He was appointed as of 1 August 1997 and will continue along the path established by the late Prof Geert de Wet.

Prof van Heerden was introduced to the University of Pretoria when, after matriculating from Voortrekker High School in Boksburg, he enrolled to study Econometrics. He has been a member of staff at the University since 1987.

He obtained a Master of Economics (*cum laude*) at the Western Illinois University, and a PhD in Economics at Rice University in Houston, Texas.

One of Prof van Heerden's aims will be to expand co-operation with other South African universities, as well as with other departments within the Faculty. An example of this is the fact that the Department has been asked to present a number of subjects in the PhD-programme of the School of Public Management and Administration (SOBA).

